**SAAMPRAATPAPIER** **5 NOVEMBER 2017**

## PSALM 121

*GELEENTHEID VIR **GETUIENIS** ASOOK **DANK** AAN **DIE HERE***

**LEES PSALM 121 SAAM en deel met mekaar:** Wat spreek jou aan/staan vir jou uit?

**GETUIENIS:** Lees die 6 punte hier onder 1 vir 1 en getuig by elkeen teenoor mekaar van hoe julle iets daarvan al uit God se hand beleef het:

- 1. GOD LAAT NIE TOE DAT JY **STRUIKEL** NIE. Twee keer word gesê dat dié Beskermer van Israel nie insluimer of slaap nie, d.w.s Hy sal dus nie toelaat dat jou voet struikel nie. Hy is met jou in alles wat jy doen (121:3).
- 2. GOD HOU **ALTYD** WAG OOR JOU. Die Beskermer doen dit nou en vir altyd, d.w.s. Hy sal nie soos 'n wag op diens **aan die slaap raak nie.** Hy is dus met jou selfs wanneer jy slaap (121:4,8).
- 3. GOD SORG VIR JOU TEEN **ONVOORSIENE** DODELIKE AANVALLE. Hierdie Beskermer is soos die skaduwee aan jou regterhand, d.w.s. as jy jou skild in jou linkerhand hou, soos soldate dit gewoonlik gedoen het, sal Hy aan jou onbeskermde kant die wag hou. Hy is daar waar jy nie kan bykom nie (121:5).
- 4. GOD SORG VIR JOU TEEN **DODELIKE BOSE AANVALLE**. Hierdie Beskermer sorg dat die son jou nie bedags "*dodelik tref*" nie en snags ook nie die maan nie (121:6). Die son en maan is baie keer met "af*gode*" verbind. Dit kan ook as metafore staan vir alles wat 'n mens kan tref regdeur die dag en die nag. God is dus daar waar jy nie noodwendig beheer het nie.
- 5. GOD SORG VIR JOU IN **ALLE ONHEIL**. Die Beskermer beskerm en sorg teen alle onheil wat jou lewe bedreig. Hy is daar waar jy geen impak kan maak uit **eie krag nie** (121:7).
- 6. GOD SORG VIR JOU **OP ELKE REIS**. Die Beskermer sorg vir jou uitgaan en jou terugkoms, d.w.s. wanneer jy van die huis af weggaan en wanneer jy daarheen terugkeer (121:8).

**DANK**

**Bid saam en dank die Here vir** Sy sorg, genesing, beskerming, weldade, getrouheid, ens. ens.

Bid ook saam t.o.v. misdaad, geweld en droogte

